# Ekstra inligting oor aansuiweringstoelaag vir vergete middelinkomstegroep

Die staat sal die NWU se jaarlikse 8%-verhoging in klas- en koshuisgelde subsidieer vir alle kwalifiserende geregistreerde studente uit huishoudings wat in 2017 'n gesamentlike bruto inkomste van R600 000 of minder verdien. Dit is nie 'n lening nie, maar 'n toelaag.

- **Wat beteken 'n gesamentlike bruto inkomste van R600 000 of minder?**

  Ouers, eggenote en/of wettige voogde wat 'n gesamentlike jaarlikse inkomste (uit lone, salarisse, toelaes, pensioene of ander bronne van inkomste, insluitende huur- en besigheidsinkomste) van R600 000 of minder verdien om hul gesinne mee te onderhou.

- **Wat beteken 'n kwintiel?**

  Kwintiele is die kategorieë waarin Suid-Afrikaanse skole ingedeel word volgens die sosio-ekonomiese status van die gemeenskap waarin die skool geleë is. Kwintiel 1-skole is die armste.

- **Vereistes om te kwalifiseer**
  - Slegs Suid-Afrikaanse burgers en studente met permanente verblyf wat in 2017 vir 'n voorgraadse of nagraadse kwalifikasie ingeskryf is, sal in aanmerking kom.
  - Die aansoeker en direkte familielede (ouers, eggenoot en/of wettige voogde) moet as familie 'n gesamentlike BRUTO inkomste van R600 000 of minder per jaar verdien.
  - Die toelaag dek slegs die 8%-verhoging in **klasgelde en verblyf wat deur die universiteit bestuur word** (insluitende bedryfshuurkontrakte tussen die universiteit en die diensverskaffer vir studenteverblyf).

- **Wie kom outomaties vir die toelaag in aanmerking en hoef dus nie 'n aansoekvorm te voltooi nie?**
  - Eerstejaarstudente afkomstig uit skole in Kwintiele 1, 2 en 3 (Gr 12 in 2016);
  - Nuwelinginskrywings wat in die 2017 akademiese jaar vir NSFAS kwalifiseer;
  - Studente wat steeds vir NSFAS kwalifiseer (NSFAS in 2016 ontvang) en aan die akademiese vorderingsvereistes voldoen;
  - Studente wat vir NSFAS aansoek gedoen het en die NSFAS-middeletoets voltooi het, maar as gevolg van 'n tekort aan fondse nie in vorige jare ondersteuning ontvang het nie, of nie vir 2017 befondsing ontvang nie. Hierdie studente moet ook aan NSFAS se akademiese vorderingsvereistes voldoen (moet 50% van hul modules slaag en moet binne die kriteria van voorgeskrewe studiejare + 2 aansoek doen).

- **Wie kom NIE vir die toelaag in aanmerking nie?**
  - Alle buitelandse studente, insluitende SAOG-studente, is vir hul volle gelde plus die 8%-verhoging verantwoordelik. Geen buitelandse student sal 'n aansuiweringstoelaag ontvang nie;
  - Enige student uit 'n huishouding wat meer as R600 000 per jaar verdien;
  - Studente met beurse wat hul volle **klas- en verblyfgelde** betaal, moet ook die verhoging betaal;
  - Enige student wat nie outomaties kwalifiseer nie en nie vir die aansuiweringstoelaag aansoek doen nie, sal nie befondsing ontvang nie.

- **Wie behoort vir die toelaag aansoek te doen?**
  - Voor- en nagraadse studente wat 'n gesamentlike huishoudelike inkomste van R600 000 of minder verdien
  - Personeellede aan die NWU wat personeelafslag kry en 'n gesamentlike bruto inkomste van R600 000 of minder verdien;

- Studente wat binne die gaping van R600 000 of minder gesamentlike bruto inkomste per jaar val en gedeeltelike beurse het wat nie hul klas- en/of verblyfgelde ten volle dek nie.

- **Hoe moet 'n student aansoek doen?**
  - Die DHOO-aansoekvorm is op die NWU se webtuiste beskikbaar;
  - Papieraansoekvorms is ook by finansiële steundienste op die verskeie kampusse beskikbaar;
  - Voltooide aansoekvorms met stawende dokumentasie kan geskandeer word en na die volgende e-posadresse gestuur word:
    - Mafikengkampus: mcmissingmiddle@nwu.ac.za;
    - Potchefstroomkampus: pcmissingmiddle@nwu.ac.za;
    - Vaaldriehoekkampus: vcmissingmiddle@nwu.ac.za;

  **<u>OF per hand by finansiële steundienste op die onderskeie kampusse ingedien word.</u>**

- **Wat is die sluitingsdatums vir aansoeke?**
  Die eerste sluitingsdatum is **28 Februarie 2017** en die tweede sluitingsdatum vir studente wat vir die tweede semester registreer, is **20 Augustus 2017.**

## STAWENDE DOKUMENTASIE

- **Watter dokumentasie moet as bewyse ingedien word?**
  Sien lys waar van toepassing:
  - 'n Gewaarmerkte afskrif van die student se eie, sy/haar ouers of wettige voogde se identiteitsdokument(e) (ID's);
  - 'n Gewaarmerkte afskrif van die doodsertifikaat indien een of albei ouers oorlede is;
  - Gewaarmerkte of amptelike afskrifte van 'n onlangse betaalstrokie of aanstellingsbrief – <u>nie ouer as drie maande nie</u> – **van beide ouers of voog, of van die student self indien hy/sy werk**;
  - Bewys van inkomste, verbandstaat en munisipale rekeninge indien ouers/voogde informele handelaars of straatverkopers is;
  - Indien die student se ouers vir 'n maatskappy werk – bewys van salaris of loon van beide ouers (nie in kolpunt 3 hierbo vereis nie);
  - IRP5, IT3 en IT12 (van die laaste twee jaar) indien ouers/voogde kommissie verdien;
  - Getekende, volledige finansiële state vir 2015 deur lede geteken; IT14 – belastingopgawe vir ondernemings (laaste twee jaar), IT12 – belastingopgawe vir individue (laaste twee jaar) en IT3(b), Inkomstebelastingsertifikaat van die bank (laaste twee jaar) indien die ouer/voog/eggenoot deel van 'n BK/Eds (Bpk) is of een besit en/of alleeneienaar is;
  - Amptelike brief van die Departement van Arbeid wat die status bevestig indien die ouer/voog/eggenoot werkloos is;
  - Afskrif van 'n amptelike pensioenstaat of bankstaat indien die ouer/voog inkomste in die vorm van pensioen/toelae/onderhoud/huur/rente op belegging verdien;
  - Getekende toestemmingsvorm (vorm deel van die aansoekvorm).

  **Maak asseblief seker dat alle partye die toepaslike gedeeltes van die aansoekvorm voltooi en teken voor dit ingehandig word.**

## Algemeen

- **Wat gebeur indien die student se ouers geskei is?**
  Die egskeidingsbevel moet voorsien word en die ouer wat daarvolgens aangewys is, se inkomste word vir berekening oorweeg.

- **Hoe werk die aansoekproses indien daar meer as een student in 'n huishouding is?**
  Elke student in die huishouding moet 'n aparte aansoek voltooi.

- **Wat gebeur indien 'n student die houer van 'n interne merietebeurs van die universiteit is?**
  Die student kan vir die toelaag kwalifiseer mits hy/sy binne die gaping van R600 000 of minder bruto huishoudelike inkomste val.

- **Hoe sal 'n student die toelaag ontvang?**
  Die toelaag sal as aparte kredietinskrywing op die student se rekening verskyn.

- **Wanneer sal dit op 'n student se studenterekening wys?**
  Sodra daar bevestiging ontvang is dat die aansoeker kwalifiseer, word die toelaag aan die einde van die eerste kwartaal van die akademiese jaar op die studenterekening verwerk.

- **Wat gebeur indien 'n student nie met die uitslag van die aansoek tevrede is nie?**
  'n Formele appèlproses sal daargestel word waarvolgens die student teen die uitslag kan appèleer indien hy/sy wil.

- **Hoe gaan hierdie toelaag personeelafslag beïnvloed?**
  Personeel wat personeelafslag sowel as die befondsingstoelaag ontvang, sal die toelaag vir die 8%-verhoging as aparte inskrywing op hul studenterekeninge ontvang sowel as die verskil vir die balans van hul onderriggelde. Alle personeelafslag sal saam met die toelaag se krediet verwerk word.

- **Kan 'n student versoek dat die toelaag uitbetaal word?**
  Die toelaag mag nie as deel van 'n krediet uitbetaal word nie.

- **Gaan hierdie aansoekproses deel van die universiteit se registrasieproses vorm?**
  Nie noodwendig nie. Hierdie is 'n afsonderlike proses wat geen invloed op die universiteit se registrasieproses het nie, hoewel dit gelyklopend kan plaasvind. Sien sluitingsdatums vir aansoeke.

- **Indien 'n student vir die toelaag in aanmerking kom, moet hy/sy tydens registrasie die minimum betaalbare gelde betaal?**
  JA – individuele gevalle sal op meriete hanteer word.

- **Wat gebeur indien 'n student werk en namens homself/haarself wil aansoek doen?**
  Indien 'n student werk, en dus nie meer van sy/haar ouers of wettige voogde afhanklik is nie, hoef die student nie sy/haar ouers of wettige voogde se stawende dokumentasie in te sluit nie.

- **Moet 'n student die minimum betaalbare gelde tydens registrasie betaal?**
  Soos in die verlede is alle studente verplig om registrasie en minimum betaalbare gelde tydens registrasie te betaal. Slegs NSFAS-studente en studente wat deur ander goedgekeurde borge befonds word, word van hierdie betalings vrygestel. Gedokumenteerde bewyse sal verskaf moet word.
  Studente wat akademies verdienstelik is en finansieel sukkel om die registrasiegelde en/of agterstallige skuld te betaal, moet met die universiteit se finansiesafdeling skakel om op 'n terugbetalingsplan ooreen te kom.

- **Hoe kan OLG-studente vir hierdie toelaag aansoek doen?**
  OLG-geregistreerde studente kan direk by OLG vir hierdie toelaag aansoek doen.

**Belangrik: Slegs geregistreerde studente sal vir die aansuiweringstoelaag in aanmerking kom.**

## NAVRAE

## Tree asseblief met die finansiële steundienste-kantore op die onderskeie kampusse in verbinding in geval van enige navrae.